

## Die val van die sedelose vrou

### Openbaring 18:1-24

1 November 2020

1. Sedelose vrou = misbruik van godsdienstige en ekonomiese sisteme. Sy werk nou saam met die dier uit die see (antichris). Haar val gaan gepaard met 10 konings wat saam met die dier teen haar draai aan die einde van die tyd.
2. Die val van die sedelose vrou, Babilon
  - a. Engel met groot gesag wie se heerlikheid die aarde verlig (vs 1) – waarskynlik God of Jesus (vgl Op 10:1, 4:9-11, 5:12-13)
  - b. Babilon was die woonplek van boosheid: duiwels, bose geeste, onrein diere (vs 2, vgl Jes 34:11-15, 51:37) – maar tog uiterlik aantreklik (Op 17:4)
  - c. Sedelose vrou verlei alle vlakke van die samelewing (vs 3)
  - d. Konings treur oor haar val (vs 9-10)
    - i. Vgl die konings van die aarde wat treur met die 10 konings (Op 17:6)
    - ii. Sedelose vrou was hulle bondgenoot
    - iii. Val van die vrou = verbrand en rook styg op (vgl Op 14:10-11, Gen 19:24,28)
    - iv. Staan ver weg – bang vir pyniging, wat hulle ook verwag
    - v. Hoe vreeslik, hoe vreeslik! (OAV: Wee, wee!)
    - vi. Oordeel oor vrou kom in een oomblik/uur – skielik, onverwags (vgl Op 17:3)
  - e. Sakemanne treur oor haar val (vs 11-17a)
    - i. Sakemanne van die aarde
    - ii. Handelsware: fokus op luukse items, sluit minerale rykdom, diereryk, planteryk en selfs mensdom in – fokus op weelde en skittering
    - iii. Staan ver weg – bang vir pyniging, wat hulle ook verwag
    - iv. Hoe vreeslik, hoe vreeslik! (OAV: Wee, wee!)
    - v. Oordeel oor vrou kom in een oomblik/uur – skielik, onverwags
  - f. Seemanne treur oor haar val (vs 17b-19)
    - i. Almal wat met skepe te doen het
    - ii. Staan ver weg – bang vir pyniging, wat hulle ook verwag
    - iii. Hoe vreeslik, hoe vreeslik! (OAV: Wee, wee!)
    - iv. Oordeel oor vrou kom in een oomblik/uur – skielik, onverwags
  - g. Val van die sedelose vrou is permanent (vs 21-24) – vgl Jer 51:63-64, Mat 18:6-7
3. Gelowiges moet hulle distansieer van die sedelose vrou (vs 4-8)
  - a. Gaan uit haar uit, my volk (vgl Jer 51:45), sodat (1) hulle nie deelneem aan haar praktyke nie, en (2) God se oordele/plae hulle nie tref nie
  - b. Babilon se sondes opgehoop tot teen die hemel (vgl toring van Babel)
  - c. Vs 6: dubbel = ekwivalent/duplikaat
  - d. Babilon is valslik gerus (vgl Op 3:17)
4. Toepassing
  - a. Materialisme is bedwelmend – op alle vlakke van die samelewing,vlakke van rykdom
  - b. Beperkinge van materialisme (sedelose vrou): uiterlik aanloklik, innerlik boos, gaan definitief val, val gaan skielik en onverwags wees, val is permanent (bloot tydelike waarde)
  - c. Luk 12:27-31: God ken ons behoeftes, God voorsien in ons behoeftes, God verwag ons moet fokus op Sy koninkryk